16 Dae Veldtog Sosiale Media Pak

Sosiale media word al hoe meer 'n hulpmiddel vir aktiviste regoor die wêreld om menseregte te bevorder deur oproepe tot aksie, inligting te deel, verslag te doen oor skendings wat plaasvind en aktiviste in afgeleë gebiede tot aksie aan te spoor. Die gebruik van die internet vir interaksie rakende kwessies van geslagsgebaseerde geweld, aanvalle op die opvoeding van meisies, vernietiging van die omgewing, ontkenning van menseregte van gemarginaliseerde gemeenskappe en oortreding op inheemse land deur multinasionale korporasies is 'n voorbeeld van gevalle waar aktiviste die demokratiese gebied van die internet gebruik om uiting aan hulle woede te geen en aan te dring op geregtigheid.

Terwyl sosiale media vir aktivisme nie 'n plaasvervanger is vir "op die grond" bewegingbou, sosiale geregtigheidaktivisme of interaksie met bondgenote nie, is dit 'n kragtige hulpmiddel om in te lig en wydverspreide ondersteuning vir menseregteprinsiepe op te bou. Soos die wêreld verder oorgaan na die era van tegnologie is dit krities vir aktiviste om nuwe mediums te gebruik om menseregte-instrumente soos die Universele Deklarasie van Menseregte, die *Convention on the Elimination of all Forms of Discrimination Against Women (CEDAW)* en soortgelyke resolusies, kongresse en deklarasies aan almal te bring.

Leer hoe om in kontak te bly en betrokke te raak by die 16 Dae Veldtog deur verskeie sosiale media. Ons doelwit is om 'n sterk aanlyn gesprek en teenwoordigheid te skep vir bewustheid en beweging rakende die 16 Dae Veldtog en die stryd teen geslagsgebaseerde geweld.

Twitter Teach-In

Wat is 'n "Teach-In"?
Teach-ins is 'n reeks aaneenlopende tjirps van een oorsprong wat oor sosiale geregtigheidonderwerpe handel. Gekoppel deur 'n unieke 'hashtag', is *teach-ins* tjirpbare lesings om 'n wye, algemene gehoor in te lig.

Sluit aan by die Gesprek!
Die 16 Dae Veldtog nooi aktiviste en die groter aanlyn gemeenskap uit om deel te wees van 'n Twitter *teach-in* gedurende die Veldtog **(25 November–10 Desember 2015)** rakende die tema **"Van Vrede in die Huis tot Vrede in die Wêreld: Maak Onderrig Veilig vir Almal"** binne die konteks van ons werk en realiteite. Volg **@16DaysCampaign** en **@CWGL_Rutgers** op Twitter en gebruik **#16days** en **#GBVteachin** om deel te neem!

Gesprekformaat
Deelnemers sal 'n datum kies gedurende die 16 Dae Veldtog (25 November–10 Desember 2015) om hulle *teach-ins* te tjirp. Die aanlyn gemeenskap kan ook bydra deur hulle eie *teach-ins*, vrae en kort antwoorde te tjirp met die gebruik van **#16days** en **#GBVteachin**. Die 16 Dae Veldtog sal dan klem plaas op alle deelnemers se werk deur hulle *teach-ins* te her-tjirp. **Diegene wat geïnteresseerd is in deelname moet die 16 Dae Veldtog e-pos** (16days@cwgl.rutgers.edu) vir meer inligting en vir koördinering.

Voorbeelde van tjirps
- 31 miljoen meisies op primêre vlak en 34 miljoen op laer sekondêre vlak is nie ingeskryf vir skool nie #16days #GBVteachin
- In 2014 het globale militêre besteding gestaan op $1.8 triljoen[i], terwyl kenners 'n finansiering-gaping van $26 biljoen aanvoer om basiese onderrig vir almal teen einde 2015 te bereik #16days #GBVteachin
- Onderrig baat die publiek en is 'n fundamentele mensereg ondersteun deur internasionale & streekskonvensies en verdrae. #16days #GBVteachin
- Meisies en jong vroue se onderrig kan kortgeknip word deur vroeë of geforseerde huwelike #16days #GBVteachin

Hier is voorbeelde van die vorige jaar se Twitter Teach-In: https://storify.com/16DaysCampaign/16days-campaign-gbvteachin-week-1.

Facebook Profielprentjie Ruil

Om die veldtog af te skop, nooi CWGL alle Facebook gebruikers uit om op **25 November** hulle profielprentjies te verander na die 16 Dae logo vir die duur van die veldtog. Help om die **boodskap te versprei en skep bewustheid van geslagsgebaseerde geweld en die reg tot veilige, toeganklike onderrig** deur jou profielprentjie te verander en jou FB vriende uit te nooi om hulle s'n te verander.

*Laai die veldtog logo **hier** af* [http://16dayscwgl.rutgers.edu/about/16-days-logos] in jou taal en laai dit as jou profielprentjie.

Blog Parade

Wat is 'n Blog Parade?

Blog parades is 'n reeks blogs wat gaan oor 'n spesifieke onderwerp of saak. Die doel van 'n blog parade is om 'n algemene gehoor in te lig en bewustheid van die betrokke onderwerp te skep.

Deel jou Blog!

CWGL gaan die reeks *16 Blogs for 16 Days* pos om die werk van aktiviste regoor die wêreld regdeur die veldtog uit te lig. Ons nooi aktiviste, NROs en die groter aanlyn gemeenskap uit om te **skryf oor kwessies rakende ongelyke toegang tot veilige onderrig en geslagsgebaseerde geweld**. Skryf oor jou ervaring met hierdie onderwerpe of wat jou organisasie doen om dit te elimineer.

Sodra jou pos gepubliseer is op jou blog, stuur asseblief vir ons 'n e-pos (16days@cwgl.rutgers.edu) en ons sal dit deel en prominensie daaraan gee regdeur ons veldtog.

Flickr Storm

Op **3 Desember** nooi CWGL ondersteuners van die 16 Dae Veldtog uit om Flickr te stormloop! Wys hoe jy of jou organisasie besig is om geslagsgebaseerde geweld te elimineer deur foto's van deelname aan 16 Dae aktiwiteite of veldtoggeleenthede te laai na ons Flickr rekening. Kyk gerus hier na foto's van vorige jare: http://www.flickr.com/photos/16dayscampaign.

Bly In Kontak!

- **16 Dae Webwerf:** http://16dayscwgl.rutgers.edu
- **E-pos:** 16days@cwgl.rutgers.edu
- **International Campaign Calendar:** http://16dayscwgl.rutgers.edu/campaign-calendar
- **Flickr**: http://www.flickr.com/photos/16dayscampaign
- **Facebook:** http://www.facebook.com/16DaysCampaign
- **Twitter:** @16DaysCampaign